Verklaring van die moderamen van die NG Kerk oor gelowiges se roeping in Suid-Afrika

Maart 2018

Suid-Afrikaners is oor die afgelope jare blootgestel aan talle berigte van korrupsie, magsmisbruik en swak bestuur deur die regering, staatsdiens semi-staatsinstellings en privaat sektor. Uitsprake van die Openbare Beskermer en die howe het telkens bevestig dat die kommer en lae moraal van die Suid-Afrikaanse nasie nie sonder rede is nie. Morele verval het ook in verskeie ander oorde toegeneem. Gelowiges het oral begin bid vir uitkoms en vir morele, vaardige en toegewyde leiers wat die belange van al die burgers van die land op ’n ewewigtige wyse op die hart dra.

Die onlangse verwisseling van die leiers van die regering bied die potensiaal vir ’n nuwe begin. Groot verwagtinge is ontketen, onder meer dat ons kan terugkeer na die paaie van nasionale versoening, ekonomiese ontwikkeling en ’n menswaardige lewe vir almal.

Die NG Kerk verstaan dat ons by ’n keerpunt in ons land se geskiedenis kan wees. Dit vra egter dat almal moet hande vat. Die kerk het ’n besondere verantwoordelikheid. Die kerk mag nooit sy profetiese en kritiese posisie prysgee nie. Die kerk het egter ook ’n opbouende rol om te speel. Ons moet ook bly bid vir morele standvastigheid, geregtigheid en vrede.

Die Here het nou ’n wonderlike geleentheid voorsien vir die kerk om ’n bydrae te lewer. Ons roep ons lidmate op om, as volgelinge van Christus, op alle vlakke van die regering en die burgerlike samelewing te beding vir:

- Etiese regering
- Menswaardigheid
- Geregtigheid vir almal
- Werkskepping
- Rentmeesterskap
- Ekonomiese investering
- Gesonde rasseverhoudinge
- Vrede en harmonie in ’n diverse samelewing

Die NG Kerk is verbind om in afhanklikheid van God mee te werk aan die koms van sy koninkryk en die geluk van al ons land se mense.